VOORWOORD

"Nunya, adidoe, asi metunee o" is 'n Akanese spreekwoord uit Ghana. Direk vertaal is dit "wysheid is soos 'n kremetartboom: een mens alleen kan dit nie omsingel nie." Die spreekwoord sê dus dat geen individu ooit mag sê dat sy of hy al die wysheid besit nie.

Wysheid en waarheid word kollektief gesoek. Een mens alleen kan nie die kremetartboom omarm nie. Daarom het die taakspan die sinodesitting hierdie jaar so beplan dat ons prosesse ontwerp het waar sinodegangers met mekaar kan praat. Ons beplan prosesse om uitgetrapte voorstelle voor die vergadering te bring wat dan gedebatteer kan word. Die taakspan sien sy rol om die hele tyd oor die *proses* raad te gee sodat die sinode sinvolle besluite kan neem.

Baie dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding van die sinode:
* die opstellers van die verslae, Groep 7 Drukkers, Gerrit Cloete en Hermien Swart wat 'n reuse werk in die kantoor verrig het;
* die taakspan wat die sinode help beplan het. Dit is lekker om saam met sulke kreatiewe mense te werk!
* Roshen de Villiers wat as fasiliteerder vir die hele proses opgetree het en
* die DKB wat ons met die prosesse vertrou het.

Ons as taakspan hoop dat ons hierdie jaar die ruimte kan skep waar ons as sinode werklik hoop kan gee en versoening kan bring. Die gevaar bestaan dat ons so in onsself kan opgaan dat ons vergeet van ons konteks. Die kerk het nie 'n mooi geskiedenis van betrokke te wees in die gemeenskap nie: tydens die Russiese revolusie wonder die kerk hoeveel engeltjies op die punt van 'n naald kan dans en tydens die "Soweto riots" het ons kerk oor hoede op vrouens se koppe gestoei. Ander kere egter – soos in 1933 tydens die groot depressie - kon die kerk dit regkry om werlik 'n baken van hoop te word. Soos met die groot depressie is ons land weer in 'n geestelike depressie van uitsigloosheid op die toekoms. Mense vlug vandag weg in materialisme, fundamentalisme en selfs neo-rassisme.

Ons wens en bid dat hierdie sinode in die geskiedenis bekend sal staan as 'n byeenkoms waar ons weer nuwe perspektiewe kan kry om mense en groepe met mekaar te versoen en om 'n baken van hoop te wees.

DR ROELF OPPERMAN (Taakspanleier)